

**Sondag 26 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 84**

**Fokusgedeelte: Psalm 84:6-8**

### **Nuwe krag keer op keer**

**D**ie digter, wat in die ou bedeling lewe, druk sy verlange na die lewende God uit in sy liefde vir die tempel. Vandag gaan dit vir ons oor die samekoms van die gemeente waar ons die Here ontmoet en sy guns ons omring.

Ons is almal op pad na die nuwe Jerusalem. Daar sal nie 'n tempel wees nie. Die Here God en die Lam is die tempel (Op. 21:22). Hierdie pad wat ons loop, is die pelgrimspad van die geloof.

Dit is nie 'n maklike pad nie. Ons moet teenstand en aanvegting verduur. Dit is 'n pad wat enduit geloof moet word en baie volharding vra. Maar die Here gee ons ook die krag om vol te hou op hierdie pelgrimspad.

Psalm 84 praat van 'n "dorre laagte" waardeur die pelgrims moet trek. Dit wys op die feit dat geloof soms baie inspanning verg en baie teenslae moet verduur. Maar gelowiges wat deur 'n dorre laagte trek, ontvang keer op keer nuwe krag van die Here om die pelgrimspad te voltooi.

Soms kom die hulp en verkwikking op 'n onverwagte manier. Die hulp kom daar in die dorre laagte deur fonteine wat oopgaan en ook deur vroeë reëns. Soms is die pelgrims se oë gerig op die wolke vir uitkoms, en dan gaan daar 'n fontein voor hulle oop! Ander kere soek hulle 'n fontein en dan gee die Here reën.

So help en verkwik die Here ons totdat ons voete eendag in Sion sal staan!

*Sing: Psalm 84-1:1, 3*

*Dr. F van der Walt (Frans) (Emeritus)*